# Boekbespreking

*Bradlow, Edna and Frank:* Here comes the Alabama. The career of a Confederate Raider, pp. 128, prys onvermeld, A. A. Balkema, Kaapstad en Amsterdam, 1958.

DIT is 'n gemeenplaas in ons Geskiedenis om te beweer dat die Kaap gekenmerk word deur 'n besonder strategiese ligging op verskeie seevaartroetes; en tog is heel weinig aandag gegee aan vername ontwikkelings op kommersiële en marinegebied, wat 'n belangrike invloed op die Suid-Afrikaanse Geskiedenis uitgeoefen het. In 'n besondere mate geld dit die kontakte van die Verenigde State van Noord-Amerika met Suid-Afrika.

Hier is 'n netjies versorgde, mooi geïllustreerde onderhoudend geskryfde relaas, wat juis in dié leemtes poog te voorsien. Dit handel oor 'n betreklik welbekende episode in die Suid-Afrikaanse seevaartgeskiedenis, net voordat die opening van die Suezkanaal die strategiese betekenis van die Kaap verminder het. Die *Alabama* was na alle waarskynlikheid die heel laaste kaper wat by die Kaap aangedoen het.

Soos die skrywers in hul „Introduction" verklaar, het nuuskierigheid hulle gedryf om 'n uitgebreide navorsing te onderneem „to a fascinating study of the American Civil War and its echoes at the Cape" (p. 9). Goeie gebruik is gemaak van kontemporêre nuusblaaie en tydskrifte, asook van sekere handskrifte veral in die Kaapse Staatsargief. Die skrywers van „Thomas Bowler of the Cape of Good Hope" (A. A. Balkema, Kaapstad en Amsterdam, 1955) het selfs daarin geslaag om 'n boekelening uit die Library of Congress te kry. Dit is ongetwyfeld die volledigste beskrywing van die Amerikaanse Suidelike kaper se doen en late in Kaapse waters wat nog verskyn het. Veel onbekende besonderhede is opgediep en op populêre wyse aan die gewone leser op onderhoudende wyse opgedis. 'n Mooi kenmerk van hierdie werk is die skets van oorsese gebeurtenisse in samehang met hul invloed op die Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

Dit is hinderlik en teleurstellend vir die leser wat hom die moeite troos om die voetnote agter in die boek na te slaan, om te vind dat bladsynommers dikwels weggelaat word. Uit die aard van die onderwerp kan die skrywers die literatuur glad nie naasteby volledig dek nie. Ek vind geen verwysings na die „Official Records of the Union and Confederate Navies in the War of the Rebellion" nie, waar in Series I, volume 2, „The Operations of the Cruisers 1863-1864" (Washington, 1895), gepubliseer deur R. Rush en R. H. Woods, heelwat dokumente wat betrekking het op die *Alabama,* afgedruk is.

Gesien die populêre uitgangspunt van die skrywers, word die klem gelê op die romantiese en aanskoulike in stede van die histories belangrike. So word allerhande onbelangrike besonderhede in verband met die *Alabama* se optrede aan die Kaap verhaal, maar die feit dat die kaper en sy hulpskepe die lang en florerende Amerikaanse handelsverkeer met en om Suid-Afrika in 'n groot mate help beëindig het, word nie aangeraak nie. Dit is 'n vername

historiese feit want dié handelskontakte dateer terug na die einde van die Amerikaanse Vryheidsoorlog, met 'n onderbreking enige jare na 1812.

Opsommend kan die werk as 'n welkome aanvulling van ons karige literatuur sowel op die gebied van ons seevaartgeskiedenis as van die Amerikaans-Suid-Afrikaanse kontakte bestempel word. Dit onderstreep egter, terselfdertyd, die groot behoefte wat daar in ons land bestaan aan histories-wetenskaplike werke op hierdie terreine. C. F. J. MULLER.

*Vedder, Dr. H.:* Kort verhale uit 'n lang lewe. Uit die Duits vertaal deur L. F. la Grange, Balkema, Kaapstad, 1957.

INDIEN so 'n bundel verhale uit die pen van 'n heeltemal onbekende persoon sou verskyn, sou mens waarskynlik nie veel notisie daarvan neem nie omdat dit van so 'n heel persoonlike aard is en grotendeels met die skrywer se familie en sy kinderjare in verband staan. Nou is hierdie werkie egter geskryf deur 'n alom bekende persoon, dr. H. Vedder. En juis omdat hierdie verhale herinneringe uit sy kinderjare bevat en met *hom* in verband staan, word dit vir ons in Suid-Afrika ook 'n interessante werkie. Die aantal hoofstukke oor sy ervaringe sedert sy verblyf in Suid-Afrika is ook vir ons van beperkte historiese waarde. Oor die algemeen gesproke is dit natuurlik geen historiese werk nie maar 'n aantal eenvoudige, vlot geskrewe verhale waarmee 'n mens 'n paar ledige uurtjies baie aangenaam kan deurbring. J. S. DU PLESSIS.

*Murray, Joyce:* Claremont Album, pp. 64, prys 12/6, Kaapstad, Balkema, 1958.

WEER so 'n mooi klein boekie soos wat ons die afgelope jare al gewoond is om gereeld van die uitgewer Balkema te sien, 'n plakboek waaruit die rustige voorstedelike geskiedenis van Claremont as skiereilandse gemeenskap in die neëntiende eeu tot ons spreek.

Eintlik begin die storie al baie vroeër. Waar die drif „Westervoort" (nou verbaster tot Westerford) oor die Liesbeek geloop het, was in Van Riebeeck se dae al die pad na Wynberg en die bosse teen Tafelberg. In die Engelse tyd na 1806 het by die sewende mylpaal van die Kasteel af Claremont ontstaan en daar het die beroemde sterrekundige sir John Herschel, in sy woning „Feldhausen" vier jaar lank gewerk. Die werkie is ryklik verlug met potloodtekeninge wat Herschel self gemaak het in dié tyd (1834-1838). Dit was tewens die woonplek van bekende Kapenaars soos R. W. Arderne, John C. Molteno en die bibliotekaris A. F. Jardine. Dis 'n boekie propvol familiename en name van deftige woonplekke waarvan baie nog bestaan en ander lankal deur woonstelle en sakegeboue verdring is. Hugh Munro se lyntekeninge voer die vroeëre illustrasies van Herschel tot die einde van die vorige eeu.

Ons moet meer sulke klein plaaslike geskiedenisse te lees kry. W. J. DE K.

## Boeke Ontvang vir Bespreking

*Simon, Erika:* Die Geburt der Aphrodite, pp. 116, 53 foto's, prys DM 22, Walter de Gruyter en Co., Berlyn, 1959.

*Jantzen, Ulf:* Grieschische Griff-Phialen, Winkelmanns-program nr. 114, pp. 36, prys DM 24, Walter de Gruyter en Co., Berlyn, 1958.